JustTransitions

FEITEBLAD 06

Op pad na 'n regverdige en klimaatsbestande voedselstelsel: agro-ekologie vir voedselsoewereiniteit en klimaatsgeregtigheid

Dit verg diepliggende en fundamentele transformasie om emissies te verminder en om klimaatsveerkragtigheid in die voedselstelsel te bou. 'n Reeks oplossings vir klimaatsversagting en -aanpassing word voorgehou, wat geëvalueer moet word vir hul bydrae tot die maatskaplike, ekologiese en ekonomiese transformasie wat nodig is vir 'n regverdige oorgang van Suid-Afrika se voedselstelsel.

'n Reeks vals oplossings word op die voorgrond geplaas. Hulle wil hê ons moet die leuen glo dat dit net 'n paar geringe aanpassings aan die bestaande stelsel verg.

Die toenemende invloed van korporasies in wêreldwye en nasionale beleidsruimtes lei tot die ondersteuning vir 'n aantal vals oplossings vir klimaatsverandering, wat die aandag aflei van die stelselmatige transformasie wat nodig is. Op hul beste, skaaf hierdie vals oplossings aan aspekte van die voedselstelsel, maar meer dikwels versterk dit bestaande patrone van mag en ongelykheid deur dieselfde denkwyses en stelsels wat die oorsaak van die oorvleuelende krisisse is wat ons in die gesig staar, weer te gee en 'omgewingsvriendelik' te laat lyk.

Voorbeelde van vals oplossings sluit in:

- Tegnologiese oplossings wat daarop gemik is om produktiwiteit (sowel as beheer en winste) in die industriële benadering te handhaaf, byvoorbeeld, geneties-aangepaste saad wat valslik beloof om droogtebestand te wees en ekstra voeding te bied,[1] presisie-aanplanting, digitalisering en groot datastelle. Agri-ondernemings het ook klimaatslim-landbou (KSA) gebruik om die bekendstelling van industriële insette aan kleinboere met behulp van befondsing vir klimaatsaanpassing 'omgewingsvriendelik' te laat voorkom. Hierdie tegno-oplossings ignoreer steeds die komplekse onderlinge skakels tussen lewende stelsels en konsentreer op eng aspekte van produksie.
- Om die privaatsektor in staat te stel om oorgangsweë deur staats-privaatvennootskappe te baan wat staatsgeld bydra tot agendas van die privaatsektor.
- Prosesse van vele belanghebbers met geen meganismes vir verantwoordbaarheid nie of om wanbalanse in mag te versag.
- Om munt te slaan uit probleme, waar privaatsektorfinansiering oplossings met markvoordele bo maatskaplike en ekologiese behoeftes uitsoek.

1. Geneties-aangepaste organismes (GAOs) bind boere verder tot industriële insette wat water en grond besoedel, biodiversiteit vernietig en die klimaat beskadig. GAOs kan nie komplekse probleme, soos die talle faktore wat beïnvloed hoe 'n plant op droogte reageer, oplos nie. Die spesifieke geen vir bestandheid teen droogte wat in Suid-Afrika goedgekeur is, was toe ook nie doeltreffend nie. Eweneens word voldoende voeding verwesenlik deur die verskeidenheid gesonde kos wat mense eet te vergroot; nie deur 'n geen wat een voedingstof op 'n onvoorspelbare manier in 'n dinamiese lewende omgewing meer maak nie.

Die bou van klimaatsveerkragtigheid in die voedselstelsel vir 'n regverdige oorgang beteken 'n transformerende veerkragtigheid wat die oorsprong van kwesbaarheid aanspreek en die stelsels en magsverhoudings wat moet verander, aanpak.

Daar is drie sleuteltake vir die bou van klimaatsveerkragtigheid in die voedselstelsel vir 'n regverdige oorgang:

1. Verminder emissies regoor die voedselstelsel (versagting)
2. Maak voedselproduksie en -verspreiding meer klimaatsbestand (aanpassing)
3. Voldoen aan maatskaplike en voedingsbehoeftes

Dit beteken ons moet werk aan sistemiese transformasie van die voedselstelsel wat die oorsprong van kwesbaarheid aanspreek en die stelsels en magsverhoudings wat moet verander, aanpak, pleks van 'n oppervlakkige benadering wat bestaande stelsels ondersteun en die onus op huishoudings en werkers plaas om veerkragtigheid te skep deur aan te pas by toestande waarvoor hulle nie juis verantwoordelik is nie.

Om hierdie veerkragtigheid te verwesenlik, moet die huidige voedselstelsel grootse transformasie in die rigting van agro-ekologie ondergaan, waar grond- en landbouhervorming geleenthede vir klimaatsgeregtigheid, ekosisteemherstel en voedselsoewereiniteit is.[2]

2. Voedselsoewereiniteit is die reg van mense op gesonde en kultureel gepaste voedsel wat deur ekologies gesonde en volhoubare metodes geproduseer word, en hul reg om hul eie voedsel- en landboustelsels te omskryf.

Wat is **agro-ekologie?**

Agro-ekologie leer uit die natuur en pas hierdie kennis toe op hoe ons voedsel produseer en om regverdige, volhoubare en veerkragtige voedselstelsels daar te stel.

Agro-ekologie is 'n onder-na-bo-benadering met sy wortels in die ervarings van miljoene kleinboere en familievoedselprodusente regoor die wêreld wat oor geslagte heen vis gevang, gewasse verbou, met vee geboer en onbewerkte kos uit hul omgewings geoes het. Hulle het hul omgewings fyn dopgehou en hul voedselproduksiepraktyke by hul spesifieke kontekste aangepas.

Omdat die plaaslike landskap, grond, klimaat en sosio-ekonomiese toestande, asook elke plek se kultuur uniek en anders is, kan die wyse waarop agro-ekologie toegepas word, nie oral dieselfde wees nie. Agro-ekologie pas algemene beginsels uit volhoubare stelsels op die plaaslike konteks toe, wat aanleiding gee tot verskillende ter plaatse praktyke en oplossings regoor die wêreld.

Die wetenskap van ekologie kyk na die verhoudings tussen lewende organismes (mense inkluis) en hul omgewing. Agro-ekologie pas die wetenskap van ekologie dus op landbou en voedselstelsels toe en konsolideer die wysheid en tradisionele kennis van voedselprodusente met dié van navorsers in uiteenlopende vakrigtings wat ons begrip van hoe natuurlike lewende stelsels werk, verbeter.

Agro-ekologie verbind voetsoolvlakgemeenskappe, aktiviste, navorsers, wetenskaplikes, werkers en verbruikers in 'n wêreldwye beweging wat werk om voedselsoewereiniteit te verwesenlik. Ons werk saam aan die maatskaplike, politieke en ekonomiese veranderinge wat nodig is om die huidige voedselstelsel te transformeer om menseregte te verseker, insluitende die reg van mense om gesonde en kultureel gepaste kos te eet en te produseer, wat deur ekologies gesonde en volhoubare metodes geproduseer en geoes word.

Dit noodsaak dat ons diepliggende ongelykhede van mag in die samelewing moet teëgaan en transformeer om die beheer van saad, biodiversiteit, grond en gebiede, water, kennis, kultuur en meentgrond terug te gee aan inheemse volke en die familie- en kleinboere wat die meeste mense in die wêreld van kos voorsien.

Agro-ekologie weerstaan die oorheersende korporatiewe handel en geïndustrialiseerde voedselstelsel en bevorder eerder sirkulêre en solidariteitsekonomieë deur gelokaliseerde en gebiedsgebonde markte wat op deursigtige netwerke tussen produsente en verbruikers geskoei is. Hierdie solidariteitsekonomie heg waarde aan wedersydse samewerking, regverdigheid en maatskaplike en ekonomiese demokratisering om die welstand van mense en die planeet bo wins te stel.

Respek vir die bydrae van vroue en die jeug tot voedselstelsels en hul reg om aktief aan alle aspekte van besluitneming deel te neem, is fundamenteel tot hierdie benadering.

Agro-ekologie vir **klimaatsveerkragtigheid**

Agro-ekologie bou klimaatsveerkragtigheid in die voedselstelsel deur:

- Gemeenskappe met vars, heilsame en gifstofvrye kos te voed wat plaaslik toeganklik en bekostigbaar is.
- Wederkerigheid en deelnemende benaderings te beklemtoon, plaaslike kennis uit te brei en met wetenskaplike innovasies te skakel wat gemeenskapsverhoudings en die vermoë om met plaaslik tersaaklike oplossings op uitdagings te reageer, versterk.
- Produsente, verbruikers en hul plaaslike omgewing te verbind. Plaaslik-geproduseerde en inheemse kos is meer geneig om plaaslik aangepas te wees, en daarom is dit veerkragtig, toepaslik en ondersteunend van die ekologie en kultuur van daardie plek, wat lei tot veerkragtigheid teen klimaatsverandering en ander stresfaktore, soos meer siektes of plae.
- Op plaaslike en streeksmarkte en ruilhandel te konsentreer, wat die behoefte aan vervoer, verpakking, verwerking en koeling wat baie krag verbruik, vermy. Produksie vir meer plaaslike verbruik beteken ook dat kos makliker verwerk kan word met plaaslik beskikbare, kleiner skaal, bekostigbare en gepaste tegnologieë.
- Plaaslike natuurlike hulpbronne te gebruik en uit te bou, wat gratis en toeganklik is vir produsente, wat selfvoorsiening bevorder en help om geld te spaar vir gebruik in tye van krisis, pleks daarvan om skuld op te loop. Dit vermy die gebruik van chemiese plaagdoders en kunsmis, wat grond beskadig, die omgewing (veral skaars waterhulpbronne) besoedel en kweekhuisgasse tydens hul energie-intensiewe vervaardiging en gasuitlate in die veld vrystel.
- Produksiepraktyke wat die lewende prosesse tussen organiese materiaal, mikrobes en plante ondersteun om die gesondheid, struktuur en voeding wat in die grond is, te verbeter. Hierdie lewende grond vermy verdigting wat waterafloop en erosie veroorsaak en kan water en grondkoolstof makliker hou.
- Praktyke wat water bespaar deur insypeling te verhoog en water vir langer te hou, insluitende om strukture van waterterughouding te skep, plantverskeidenheid en -bedekking te verbeter, deklaagbewerking en om grond voor te berei wat baie vrugbaar en vol lewende organismes is. Dit help om die krag van vloedwater te absorbeer en in te perk, maar bied ook vog vir gewasse en grondlewe wat dan deur langer tydperke sonder reën kan oorleef.
- Bou op plaaslike en tradisionele kennis en oorerwing, insluitende plaaslik aangepaste maar geneties uiteenlopende sade en diererasse wat meer bestand is teen klimaatskommelings en siektes.
- Heg waarde aan natuurlike ekosisteme as deel van voedsel- en lewensbestaanstelsels. Dit word bewaar en bied veerkragtigheid op die vlak van landskap teen uiterste weer- en ander klimaatskokke

Beginsels van agro-ekologie vir die oorgang van voedselstelsels

Oor die afgelope 10–15 jaar het agro-ekologie internasionale steun gekry, ook in die VN se Voedsel- en Landbou-organisasie (FAO), en meer onlangs as 'n werkprogram in die Komitee vir Wêreldvoedselsekerheid (CFS). Die Hoëvlakpaneel Kundiges oor Voedsel en Voeding (HLPE), 'n onafhanklike wetenskaplike instelling wat bewysgebaseerde navorsing aan die CFS verskaf, het innoverende benaderings vergelyk wat bydra tot volhoubare voedselstelsels. Dit het bevind dat agro-ekologiese benaderings meer transformerend is as dié wat op 'volhoubare intensivering',[3] gekonsentreer het wat wesenlik bydra tot die toegang en benutting van voedsel, sowel as maatskaplike gelykheid en verantwoordelikheid. Die HLPE het 13 beginsels uit die wêreldwye praktyk en wetenskap van agro-ekologie geneem, wat toegepas word op die oorgang van voedselstelsels. Van hierdie beginsels is van toepassing op plaas- en agro-ekosisteemvlak, ander op die breër voedselstelsel, en party kan op alle vlakke toegepas word.

3. Volhoubare intensivering is 'n benadering wat innoverings gebruik om produktiwiteit/opbrengste op bestaande landbougrond sonder nadelige omgewingsimpakte te verbeter, maar sonder om die struktuur of eienaarskap van produksie noodwendig te verander.

Dit strook goed met drie kernelemente wat praktisyns en voorspraakmaker-organisasies in Suid-Afrika as noodsaaklik vir agro-ekologie geïdentifiseer het, naamlik:

Kernelement	HLPE 13-beginsels
Omgewingsvolhoubaarheid	Herwinning, insetvermindering, grondgesondheid, dieregesondheid, biodiversiteit, grond- en natuurlike hulpbronbestuur, samewerkendheid (produksie)
Maatskaplike geregtigheid en regstelling	Medeskepping van kennis (aanvaarding van plaaslike kennis en wêreldwye wetenskap), maatskaplike waardes en diëte, deelname
Ekonomiese regverdigheid en deelname	Ekonomiese uiteenlopendheid, regverdigheid, konnektiwiteit, samewerkendheid (ekonomies)

Die klimaatskrisis is nie net 'n noodgeval wat aangespreek moet word nie, maar dit is 'n geleentheid om agro-ekologiese voedselstelsels te bou wat regverdig is, wat mense voed, die ekosisteme beskerm wat ons onderhou en voedselsoewereiniteit bou.

Verwysings

Hierdie feiteblad is geskoei op die Biowatch-feiteblad: Klimaatsverandering en die geïndustrialiseerde voedselstelsel. Lees: https://biowatch.org.za/download/factsheet-climate-change-and-food/

Bykomende verwysings sluit in:

HLPE. 2019. Agro-ekologiese en ander innoverende benaderings vir volhoubare landbou en voedselstelsels wat voedselsekerheid en voeding verbeter. 'n Verslag deur die Hoëvlakpaneel Kundiges oor Voedselsekerheid en Voeding van die Komitee oor Wêreldvoedselsekerheid, Rome.